

REK1

DEEL I

INLEIDEND

Die doel van deel I is om aan die leser te verduidelik wat die nut van finansiële rekords is, waaruit die finansiële rekords bestaan, wat 'n brondokument is en hoe om brondokumente te bewaar.

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.1 INLEIDEND

Die mens leef in 'n era van geld. Hy leef ook in 'n era van rekenskap gee oor wat met die geld gebeur het. Alhoewel finansiële rekordhouding sy meeste vooruitgang in die sakewêreld gehad het, is die rekeningkundige funksie van net so groot belang vir elke eenheid in ons samelewing. Die individu moet rekenskap gee van sy eie finansies, die regering, provinsies, stadsrade, skole, kerke: almal moet finansiële rekordhouding as basis gebruik om hul hulpbronne te kontroleer en te sien wat hulle in monetêre terme bereik het. Finansiële rekordhouding is eweneens noodsaaklik vir die suksesvolle bedryf van 'n boerdery, koöperasie, handelsbank of boerevereniging.

Die onderliggende doelwit van finansiële rekordhouding is om finansiële inligting rakende 'n ekonomiese entiteit te verskaf. In hierdie boek sal die ekonomiese entiteit waarmee ons werk 'n boerdery wees. Die finansiële inligting wat deur 'n finansiële rekordhoudingstelsel voorsien word, word deur die besluitnemers op die plaas gebruik om die aktiwiteite van die boerdery te help beplan en kontroleer. Die inligting word ook deur buitestaanders soos die Ontvanger van inkomste, koöperasie en handelsbank verlang omdat hulle een of ander vorm van belang in die boer se finansiële prestasie het.

1.2 BOERDERY-AKTIWITEITE

Op die plaas vind daar verskeie ekonomiese aktiwiteite plaas wat op een of ander wyse in die finansiële rekords opgeteken moet word of waar die besluitneming afhanklik is van inligting vanuit die finansiële rekords. Ten einde op-datum inligting beskikbaar te kan hê, moet die boer dus 'n stelsel ontwikkel waarvolgens hy die ekonomiese aktiwiteite op sy plaas sistematies en gereeld in monetêre terme (geld) kan aanteken.

Die manier van rekordhouding kan verskillende vorme aanneem, soos handgeskrewe rekords of rekenaardrukke,

REK1

maar moet as finale resultaat die ekonomiese aktiwiteite van die boerdery kan saamvat. Die boer kan hierdie saamgevatte inligting dan vir drie basiese besluitneming rondom sy ekonomiese aktiwiteite in die boerdery gebruik naamlik produksie, investering en finansiering.

Produksie

Finansiële rekordhouding het eerstens ten doel om die produksieproses op te teken. Die boer móet uitgawes aangaan om 'n inkomste te verdien. Die verskil tussen die twee is wins en gevolglik bteken dit dat hoe groter die gaping tussen inkomste en uitgawes, hoe groter die wins. Slegs die rekordhoudingsteël kan hierdie verskil aan die boer toon.

Die boer kan deur middel van finansiële rekordhouding sy produksie-aktiwiteite op die plaas beplan en kontroleer. Hy sal daardeur ook kan bepaal of sekere aktiwiteite winsgewend is of nie en die nodige regstellende stappe kan neem om dit wel winsgewend, of nog meer winsgewend, te maak.

Investering

Die kummulatiewe effek van enige gesonde boerdery is om winsgewend te wees. Dit beteken dat daar surplus fondse ontstaan, selfs nadat die boer aan sy privaat behoeftes ook voldoen het. Ten einde nog meer winsgewend te wees, moet die boer hierdie surplus fondse (winste) in die boerdery terug ploeg. Hy herinvesteer dus sy wins in die boerdery deur nuwe trekkers, vee of grond aan te koop. Tesame met die oues, sal hierdie nuutverkrygte bates weer in die produksieproses aangewend word om nogmaals wins te maak, nogmaals aan die boer se privaat behoeftes te voldoen sodat die surplus fondse nogmaals geherinvesteer kan word.

Die finansiële inligting op grond waarvan die investeringsbesluite geneem word, kom uit die finansiële rekords uit. Daarsonder het die boer geen behoorlike basis om besluite te kan neem nie.

Finansiering

Dit is nie vir die boer altyd moontlik om die investerings ten volle uit sy eie winste uit te finansier nie. Gevolglik moet hy 'n gedeelte van die bedrag van buite bekom by 'n handelsbank of koöperasie.

Wanneer die boer van 'n eksterne finansieringsbron gebruik maak, moet die finansiële rekords eerstens aan die boer self kan toon of die investering steeds winsgewend sal wees met inagneming van die rentekoste wat daarmmee saam gaan. Tweedens sal die finansierder, die handelsbank of koöperasie, ook uit die boer se finansiële rekords wil bepaal wat die risiko's is wat die transaksie vir hulle inhou. Beide partye gebruik dus die finansiële rekords as basis om 'n besluit te kan neem.

1.3 BASIESE BEGRIPPE

In die res van die boek sal daar van verskeie ekonomiese en rekeningkundige begrippe gebruik gemaak word. Die vernaamste word vervolgens vir u gerief hier gedefinieer.

REK1

Bates

'n Bate is 'n item wat 'n geldwaarde het en wat deur die boerdery besit word. Bates word gewoonlik per tipe gegroepeer soos vaste bates (grond & geboue), middeltermynbates (beleggings, voertuie & implimente asook vee wat vir aantel gebruik word) en bedryfsbates (debiteure, kontant en bemarkbare vee).

Laste

'n Las is die geregtelike aanspreeklikheid teenoor 'n skuldeiser of finansierder het om bepaalde bedrae op bepaalde tydstippe te betaal. Dit is dus geld wat die boer aan iemand anders skuld en word ook gewoonlik per tipe gegroepeer soos langtermyn (Landbank), middeltermyn (huurkope) en korttermyn (produksiekrediet by koöperasie of oortrokke bankrekening).

Eienaarsbelang

Eienaarsbelang is dié gedeelte van die bates wat aan die eenaar van die ekonomiese entiteit behoort en word gewoonlik soos volg bereken:

$$\text{EIENAARSBELANG} = \text{BATES} - \text{LASTE}$$

Die skuldeisers maak dus eerste aanspraak op die bates om die uitstaande skuld mee te delg. Dit wat oorbly kom die eenaar toe en is gevolglik eienaarsbelang.

Inkomste

Inkomste ontstaan as gevolg van die invloei van fondse wanneer items verkoop word. Hierdie items kan geproduseerde produkte (mielies, koring, vee) wees of dienste en bates wat bgeskikbaar gestel word (huur en rente ontvang).

Uitgawe

Uitgawes ontstaan as gevolg van die uitvloei van fondse om grondstowwe en produksiemiddele aan te koop waarmee 'n inkomste gegenereer kan word. Die uitgawes kan direk in die produksieproses gebruik word (diesel, saad en kunsmis) of kan ten opsigte van diensverskaffing (bankkoste en ouditeursfooie) of instandhouding (herstelwerk) wees.

Debiteur

Dit is 'n persoon of instansie wat aan die boer geld skuld vir bates, produkte of dienste wat hy reeds ontvang het.

Krediteur

Dit is 'n persoon of instansie aan wie die boer geld skuld vir bates, produkte of dienste wat die boer reeds ontvang het.

Rekening

Dit is die plek binne in die finansiële rekords waarin die finansiële transaksies opgeteken word. Elke rekening word van 'n gepaste opskrif voorsien en vir elke bate, las, eienaarsbelang, inkomste of uitgawe sal daar dus 'n rekening wees.

REK1

Grootboek

Die grootboek bevat al die rekeninge en is die vernaamste rekeningboek waarin die transaksies van die boerdery opgeteken word. Die koms van die rekenaar het veroorsaak dat die grootboek nie meer fisies bestaan nie, alhoewel so grootboek steeds op 'n drukker uitgedruk kan word.

Proefbalans

Die proefbalans is 'n lys van die rekeninge wat in die grootboek verskyn. In di, verslag verskyn geen transaksies nie maar net die rekeningname, -beskrywings en -saldo's.

Joernaal

Alle ander rekeningboeke is ondergeskik aan die grootboek en word gebruik om transaksies, soos hulle verskyn, in op te teken voor hulle na die grootboek oorgeboek word. Sulke boeke word joernale genoem.

1.4 OPSOMMEND

Net soos die res van die samelewing, leef die boer in 'n era waarin hy finansiële rekenskap moet kan gee oor die ekonomiese aktiwiteite wat op sy plaas plaasvind. Dit is nie net hyself wat in die finansiële inligting belang stel nie maar ander, soos sy finansierders, het ook 'n belang daarby.

Finansiële rekordhouding behels die sistematiese optekening van die ekonomiese aktiwiteite in monetêre terme sodat dit vir al die partye wat 'n belang by die boerdery het verstaanbaar is. Dit beteken egter nie dat finansiële rekords net vir verslagdoening gebruik word nie. Die mees belangrikste rol daarvan gaan oor besluitneming ten opsigte van produksie, investering en finansiering.

Die boer moet die regte finansiële besluite op die plaas kan neem. Daarom moet die finansiële inligting tydig beskikbaar wees en dit moet akkuraat wees. Die doel van hierdie boek is om aan die boer te verduidelik hç, om die ekonomiese aktiwiteite op sy plaas korrek en akkuraat in die finansiële rekords op te teken en om 'n stelsel te ontwikkel waarvolgens hierdie inligting tydig en gereeld vir hom beskikbaar is. Dit is die hele doel van finansiële rekordhouding.